

## GODSVERDUISTERING

**TWYFEL:** WANNEER DIT WAT EK VOEL IN DIE PAD KOM VAN DIT WAT EK WEET WAAR IS.

Twyfel vir 'nuwe'/ jong Christene is in 'n mate aanvaarbaar, selfs al wentel ons twyfel rondom God se bestaan.

Ek kan onthou dat ek op 'n stadium vir die Here gesê het:

**'Here, dis baie moeilik om met U 'n intieme verhouding te hê as ek soms nog twyfel of U regtig bestaan?'**

Maar dan soos jy ouer word vind jy dat twyfel elke nou en dan steeds sy opwagting maak – en dan, saam met al die vrae, voel jy sooooo skuldig!

Twyfel raak egter nou meer die realm van God se karakter. Jou twyfel en vrae gaan nie noodwendig meer oor God se bestaan nie, maar:

*Jou drome lyk nie of dit waar word nie;*

*Jy sukkel voortdurend met siekte;*

*Jy het gehoop op 'n loopbaan wat nie gebeur nie;*

**EN JY WONDER.....**

- *Gee God regtig om?*
- *Gee God regtig aandag?*
- *Is God regtig bewus van wat met my en in my gebeur?*
- *Is God in staat of regtig bereid om in MY lewe in te gryp.*

*HERE, MY VRAE OOR U KARAKTER / OOR WIE U IS – IS BESIG OM 'N WESENLIKE BLOKKASIE TE RAAK TUSSEN MY EN U - IN ONS VERHOUDING EN DAAROM IS DIT ERNSTIG HERE – WAT MOET EK MAAK?*

**1** *God is goed vir almal wat doen wat Hy sê. Vir seker!*

**2** *Maar op 'n dag het ek begin twyfel of dit regtig so is.*

*Ek het amper ophou glo,*

**3** *want toe ek rondom my kyk, het ek gesien hoe goed dit met slegte mense gaan. Hulle is so hoogmoedig.*

*En hulle word by die dag al hoe ryker. En ek was jaloers op hulle.*

**4** *Niks bekommer hulle nie. Hulle is spekvat en gesond.*

**5** *Hulle is oor niks besorg nie. Hulle het geen moeilikheid nie.*

- 6 *Hulle loop ewe trots rond. Want met hulle gewere en hulle vuiste los hulle al hulle probleme op.*
- 7 *Hulle is vet, en hulle doen net wat hulle wil.*
- 8 *Hulle het g'n respek vir iemand nie. Hulle spot met mense en dreig almal.*
- 9 *Selfs God loop onder hulle tonge deur. En op aarde beledig hulle links en regs.*
- 10 *Almal hang aan hulle lippe. Mense kan nie genoeg van hulle kry nie.*
- 11 *Hulle sê vir almal:*  
*“God is vas aan die slaap. Wat weet die Allerhoogste van wat ons doen?”*
- 12 *Hulle kom weg met moord! Niemand keer hulle nie terwyl hulle al meer geld maak.*
- 13 *Ek het verniet gedoen wat God sê.*  
*Tevergeefs dat ek onskuldig is.*  
*My gebede het niks gehelp nie.*  
*Dit was 'n mors van tyd,*
- 14 *want elke nuwe dag het daar 'n vrag vol nuwe probleme op my gewag.*  
*Daar was geen einde aan my swaarkry nie.*  
*Ek is elke dag soos 'n vloerlap behandel.*

**PSALM 73**

*Van Asaf*

Asaf het 'n klomp vrae en maak nie saak wat jou vrae is nie, twyfel en vrae oor God se karakter voel dikwels of dit 'n blokkasie veroorsaak in ons verhouding met God. Twyfel is 'n obstruksie in ons verhouding met die Here.


EN DIE LAASTE DING wat ons wil hoor as ons met die tipe vrae worstel is:

*‘Jy moet net glo .... ! – Kom oor jouself.’*

Ons almal weet dis nie so maklik nie.

Twyfel is iets wat vir almal van ons bestaan.

**VERDUIDELIK MET 'N BEELD - SONVERDUISTERING:**




SON = GOD – *dit maak net sin*

- Alles wentel om God, net soos alles om die son wentel – **alles wentel nie om ons nie**
- God is LIG, net soos die son lig is.

AARDE = ONS

MAAN = TWYFEL



HOE WERK SONVERDUISTERING?

- Die maan is in 'n wentelbaan om die aarde – Ek het net nou gesê: *'Twyfel is iets wat vir almal van ons bestaan'* - dit gaan altyd daar wees.
- MAAR: soos die maan om die aarde wentel beland dit nou en dan presies tussen die aarde en die son;
- Hoewel dit BAIE kleiner is as die son, werk die afstande net so uit dat vanuit ons perspektief, dit groot genoeg is om die sonlig van die aarde weg te blok; en
- Dit **gooi** in werklikheid 'n **skaduwee** op die aarde.

Twyfel werk presies dieselfde. **DIT RAAK 'N OBSTRUKSIE.**

Dit voel dikwels vir ons:      Ons weet wat veronderstel is om waar te wees van God en ons weet dat ons veronderstel is om in hierdie verhouding met Hom te wees....., MAAR:  
Dit voel vir ons asof ons Hom net nie kan sien nie as gevolg van al die twyfel wat in die pad kom staan het.

EN DAN RAAK TWYFEL VIR ONS 'N OBSTRUKSIE IN ONS VERHOUDING MET GOD.

**WAT DOEN ONS MET TWYFEL?**

Wat doen ons met twyfel wat in die pad kom tussen ons en die Here? Wat maak ons met hierdie gevoelens wat in die pad kom van dit wat ons weet waar is?

Wel, die teenoorgestelde van twyfel is seker 'sekerheid'.

Maar nou weet almal van ons dat daar is absoluut niks onder hierdie son wat seker is nie en dat sekerheid eintlik baie keer vir ons maar net 'n valse sin van sekuriteit gee.

Hoewel 'sekerheid', wat nie eintlik bestaan nie, die teenoorgestelde van twyfel is, is daar wel baie effektiewe teenmiddels vir twyfel en in 'n kort Psalm wys Dawid vir ons hoe hy twyfel hanteer het.

## **EERLIKHEID**

Meeste van ons is meestal eerlik. Ons is meestal eerlik met SARS. Ons is meestal eerlik met ons berader. Navorsing wys dat die gemiddelde individu is ongeveer 90% eerlik (*wel dis wat Wikipidea sê – ek weet nie hoe akkuraat dit is nie*).

Maar eerlikheid is dié belangrikste ding as dit by verhoudings kom. Jou beste verhoudings, is die verhoudings waarin jy die eerlikste kan wees – wel kom ons sê so: Jou gesondste verhoudings, is die waarin jy die eerlikste kan wees – van tyd tot tyd mag dit dalk nie voel soos jou beste nie....

By WCG is dit regtig die leierskap se begeerte om mense te lei in verhouding met die Here, nie godsdienstig nie – ons is werklik agter verhouding aan.

### **Hoe eerliker 'n verhouding kan wees, hoe dieper, meer intiem kan 'n verhouding wees.**

So as EERLIKHEID die X-faktor in verhoudings is, ontstaan die vraag - Hoe eerlik is jy in jou verhouding met die Here? Hoe genuïne – Hoe deursigtig is jy met die Here?

Weens ons agtergrond en waar ons vandaan kom, klink die konsep van eerlikheid met die Here vir baie van ons vreemd.

Ek kan onthou hoe lank ek onder die indruk was dat wanneer jy bid moet jy een of ander hoogdrawende, keurige taal gebruik, self bietjie van 'n ander stemtoon met weldeurdagte sinne of minstens sekere 'cliché's'.

Maar dis nie wat die Here wil hê nie !!

En dis regtig my begeerte dat indien jy nog hier trek, jy vandag sal besef:

**Dat die Here nie perfekte gesprekke met jou wil voer nie / Hy wil EERLIKE gesprekke met jou voer!**

**EN DIS BELANGRIK – Want totdat ons nie ten volle eerlik met die Here is nie, gaan ons Hom nie ten volle beleef nie!**

God respireer / *reciprocates* ons beweging na Hom toe (daar is 'n wederkerigheid) – '*nader tot my en ek sal tot jou nader*':

- As ons na Hom toe beweeg, inisieer dit Sy beweging na ons toe;
- As ons onself oopmaak voor Hom, Openbaar Hy Homself aan ons;
  - Jeremia: '*If you seek me with all your heart .....*'
  - Sagaria: '*When you return to the Lord, he will return to you ....*'
  - Jakobus: '*Draw near to God and he will draw near to you ...*'

Solank as wat jy die helfte van wie jy is voor God bring – Gaan jy net die helfte beleef van wie God is.

MAAR: Wanneer ons onself ten volle na God toe bring, stel dit ons in staat om God ten volle te beleef.

As jy ALLES bring – kan jy ALLES beleef van wie God is.

Die vraag mag nou by jou ontstaan:

**MAAR IS GOD OK DAARMEE AS ONS TEN VOLLE EERLIK MET HOM IS?**

Ek is bly jy vra!

Dawid – die skrywer van die Psalm waarna ons nou nou gaan kyk – was ROU eerlik met God en wat was God se reaksie: Hy het hom genoem: "*n Man na God se hart.*"

Voorbeeld: Toe David kwaad was – *Hoeveel van julle is kwaad ?*

Ons voel ons kan nie God vertel nie, want die Here hou nie van kwaad nie ....

**Psalm 58**

***<sup>6</sup> Break the teeth in their mouths, O God; LORD, tear out the fangs of those lions!***

***<sup>7</sup> Let them vanish like water that flows away; when they draw the bow, let their arrows fall short.***

***<sup>8</sup> May they be like a slug that melts away as it moves along, like a stillborn child that never sees the sun.***

Jy mag dalk dink dis uiters onvanpas, maar op 'n manier laat God toe dat hierdie gebed van Dawid opgeneem word in Sy Gees geïnspireerde Woord en vir duisende jare bewaar bly.

En ek dink nie God sê dis hoe ons moet bid nie en ek dink nie dis 'n plek waar ons moet bly nie, MAAR die Here VIER die lewe van die man wat op die manier gebid het.

En as God OK is met hierdie tipe woede en eerlikheid, dink ek Hy is OK met jou en met my eerlikheid, want Hy is na alles 'n Vader!

En enige Pa se grootste begeerte is om in enige omstandighede te weet: HOE VOEL JY!

En DIS hoekom God wil weet, want dis die vlak van verhouding wat HY met ons begeer. En JA! Hy weet in elk geval, MAAR Hy wil hê jy moet hom vertel !!!!

En ek dink God wil vanoggend vir 'n klomp van ons sê:

*'EK WIL NIE PERFEEK HÊ NIE, EK WIL NET EERLIK HÊ!'*

Ek het vroeër gesê:

**Hoe eerliker 'n verhouding is, hoe dieper, meer intiem is 'n verhouding.**

Hoekom?

Ek weet nie, maar dis net hoe verhoudings werk.

- As jy net 'n gedeelte van jouself bring kry jy 'n OK verhouding; MAAR
- As jy alles van jouself bring – kry jy 'n vol *'real deal'*, intieme verhouding.

EN DIESELFDE IS WAAR MET GOD !

- God is nie bang vir ons emosies – God is nie ongemaklik of kwaad oor ons emosies nie;
- Hy wil ons emosies gesond maak en daarvoor het Hy eerlike gesprek nodig.
- **NIE PERFЕКTE GESPREK NIE – NET EERLIKE GESPREK !**

0000000

In een van hierdie eerlike gesprekke wat tussen David en die Here plaasgevind het, sien ons hoe Dawid in **Psalm 13** met twyfel worstel.

Van begin tot die einde is dit net 6 verse, maar ons sien hoe Dawid in hierdie 6 verse 'n radikale ommekeer maak:

HY BEGIN MET 'N EERLIKE DIREKTE VRAAG:  
**Hoe lank NOG .....!!!!???? Gaan dit bly?**

- Voel jy ook soms so: Of die Here jou nie meer raaksien nie / Of die Here vergeet het van jou ?

David gaan **direk** na die Here toe met hierdie vraag.

**1. How long, LORD?**

Hy is amper half familiêr met die Here

***Will you forget me forever?***

***How long will you hide your face from me?***

As jy iets verloor is die blaam suiwer op jou, maar Dawid sê:  
*'Here, Ek het jou nie verloor nie – Jy versteek Jouself vir my – Jy kruip weg vir my !?*  
*Here, jy maak dit moeilik om jou te kry Here – en nie net dit nie Here – dit voel of dit aanhou en aanhou en aanhou?*  
***HOE LANK NOG HERE !?***

2 ***How long must I wrestle with my thoughts  
and day after day have sorrow in my heart?***

Dawid sê vir die Here:  
*'Ek is moeg om my eie planne te maak, ek is moeg om te worstel met hierdie gedagtes wat sê dat U nie vertrou kan word nie en dat U weg is.  
HOE LANK NOG HERE!*

***How long will my enemy triumph over me?***

Ek weet nie wat u vyande vanoggend is nie: Dalk is dit depressie, dalk twyfel, hopeloosheid. Wat dit ook al is: ons almal weet hoe dit voel as jou vyande beheer oor jou het – as dit vir jou voel asof daardie vyand besig is om die oorwinning te behaal.

DAN RAAK DAWID EKSTRA REGUIT, ASOF DIT WAT TOT NOU TE GESÊ IS NIE  
GENOEG WAS NIE:

Verloor bietjie betekenis in die vertaalproses:  
Dit lyk amper of Dawid praat soos 'n ouer wat vir sy kind sê:  
'Kyk vir my as ek met jou praat!'

Dawid noem God steeds SY God. MAAR hy maak dit duidelik vir die Here dat dit nie die deal was nie.  
**Hy is rou eerlik met die Here:**  
Luister nou na my Here en antwoord my. Ek is moeg daarvoor om in die agterkant van jou kop vas te kyk as ek met jou praat Here. Jy is veronderstel om MY God te wees, maar jy is afwesig en dit lyk of jy dit met opset doen.  
**HOE LANK NOG!?**

3 ***Look on me and answer, LORD my God.***

Hoe dit ook al sy - Daar is BAIE min heiligheid in hierdie sin. **Dawid is baie duidelik nie een van daardie mense wat met 'n ander stem praat sodra hy met die Here praat nie.**

Dan raak Dawid so bietjie teatraal:

***Give light to my eyes, or I will sleep in death,***

Miskien nie - dalk was dit regtig 'n geval van lewe of dood

Nou slaan Dawid oor na bietjie 'n ander taktiek –

*Julle moet dit dalk volgende keer onthou:*

4 ***and my enemy will say, "I have overcome him,"  
and my foes will rejoice when I fall.***

Wat hy in wese vir die Here sê is: *'Here, almal weet ek is in hierdie verhouding met U en as U nie nou vir my deurkom nie, gaan mense na my kyk en dan na U kyk en sê:  
"Ja, dis wat ons gedink het, God kan nie vertrou word nie!"*

**AL HIERDIE EERLIKHEID IN NET 4 VERSE.**

Maar wat opmerklik is, dit lyk of Dawid heeltemal gedisoriënteerd is – amper of hy nie helder dink nie – EN DAN is dit skielik of hy duidelikheid kry – of hy die regte rigting sien en inslaan.

Dit lyk nie of God die probleem verwyder nie, maar dit lyk tog of Dawid rustigheid in sy gemoed kry oor al sy vrae en as ek kyk na DIT volg, lyk dit of al Dawid se eerlikheid tog lei tot die tipe verhouding wat ek met die Here begeer.

Eerlikheid met God – of so lyk dit uit die lewe van Dawid – eerlikheid met God lei tot 'n **verhouding** met die Here wat so sterk is dat dit selfs die **gewig van twyfel kan dra.**

Vrae en twyfel moet nie 'n struikelblok wees vir ons verhouding met die Here nie – dit moet 'n **BRUG** wees tot 'n dieper verhouding met die Here – die tipe verhouding wat ek dink die Here 'actually' met ons begeer.

In die middel gebeur daar iets in Dawid. Daar is 'n **verandering in sy toon.**

*Ek weet nie of hy dalk eers 'n draai gaan stap het nie.*

MAAR hy gaan van: 'Here hoe lank nog?' NA

Die teenoorgestelde van twyfel is sekerheid, maar ons het reeds gesê dat ons in hierdie lewe meer twyfel as sekerheid sal hê.  
MAAR die teenmiddel vir twyfel is 'VERTROUE'. Vertroue is 'n baie baie kragtige ding wat ons selfs in die mees hopelose situasie kan onderhou.  
**MAAR VERTROUE IN WAT ?**

↓  
<sup>5</sup> ***But I trust in your unfailing love;***

***my heart rejoices in your salvation.***

Slegs 1 woord in Hebreeus: '**Hesed**' = ...  
Dawid was mal oor die woord. Dit word ongeveer 250 maal in die ou Testament gebruik, waarvan meer as die helfte van die kere deur Dawid in Psalms is.  
**Hesed** is nie die tipe liefde wat jy vir jou gunsteling kossoort of sportspan het nie of gunsteling plek het nie.  
**'Hesed' = Verbondsliefde / Liefde wat red!** Dawid probeer God herinner: 'Here, jy is die God wat Hesed vir jou mense het en ek vertrou in jou verbondsliefde Here, jou liefde wat red. Here, jy het nog nooit 'n tjek geskryf wat 'gehop' het nie.

Dawid vind vreugde in God se redding, maar daar is 'n verskil met ons. Dawid het gehoop op God se redding, ons kan seker wees van God se redding. Dawid moes vorentoe kyk op wat God nog moes doen, maar ons kan terugkyk na wat God reeds gedoen het. Ons redding het gekom in die vorm van I PERSON God homself, in vlees, deur Sy seun Jesus Christus. Hy was die manifestasie van God se **HESED LIEFDE**.

Dis waarom jy jouself in die middel van enige iets kan herinner:

*'God dit wat nou gebeur maak glad nie sin nie en ek verstaan nie die plan nie en dit voel nie of U eintlik die laaste tyd enige iets vir my gedoen het nie en dit voel nie of U my regtrig meer raaksien nie;*

*MAAR jy het jou ENIGSTE seun opgeoffer in my plek. Terwyl Jesus sy lewe aan die kruis neergelê het en daar aan die kruis gehang het, het hy MY in gedagte gehad.*

**EN DIS WAARAAN EK MY ANKER WANNEER EK TWYFEL.**

**My redding het reeds gekom toe Jesus opgestaan het uit die dood.**

DAWID SLUIT AF:

<sup>6</sup> ***I will sing the LORD's praise,  
for he has been good to me.***

Dawid begin met twyfel, maar eindig in Lofprysing. Dawid het baie gesing. In meer as 100 Psalms herinner hy homself: '*Ek sal sing oor die Here se goedheid.*'  
Ons sing nie meer in ons alledaagse lewe nie – doen ons?  
**MAAR in die middel van sy twyfel gaan Dawid deur 'n proses:**

- **Hy asem God se getroue, Hesed - Liefde wat Red in; en**
- **Hy asem Lofprysing uit!**

Om te sing in die middel van pyn – wek in ons 'n dapperheid op om te volhard. *In die geskiedenis het ons gesien hoe baie bevrydingsbewegings en revolusies gepaardgaan met sang wat 'n veggees in hulle wakkermaak.*  
Sang / Lofprysing herinner ons aan 'n beter dag wat oppad is.



## DIE TEENMIDDEL:

So wat is jou opsies in die middel van twyfel?

Ons leer baie by Dawid. Ons leer dat skree werk – Dis goeie nuus. *Het jy onlangs op God geskree oor jou situasie?*

Jy kan toelaat dat twyfel vir jou 'n blokkasie vorm in jou verhouding met God of jy kan dit gebruik as 'n brug om juis vir jou 'n dieper, meer intieme verhouding met God te bou.

Jy kan 'n gesprek met die Here hê, waarin jy met Hom ten volle eerlik is oor jou twyfels.

*Jou drome wat nie waar word nie;*

*Siekte;*

*'n Loopbaan wat nie gebeur nie;*

Om eerlik met God te wees, **wys vir Hom WAT WAAR IS VAN JOU.**


MAAR ons leer van Dawid dat daar 'n ander kant van hierdie muntstuk is.

Ons sien dat hy begin deur totaal eerlik te wees met die Here oor sy twyfel, maar hy eindig in lofprysing! WANT Lofprysing herinner ons **WAT WAAR IS VAN GOD.**

Om met God EERLIK te wees oor jou twyfel – openbaar vir God WAT WAAR IS VAN JOU, **MAAR LOFPRYSING** – op 'n manier – **wys vir God dat jy, ten spyte van jou twyfel en vrae en dit wat jy voel, steeds weet WAT WAAR IS VAN HOM,** maar soms kan ek dit net nie sien SIEN nie, want twyfel is in die pad en dit veroorsaak 'n verduistering.

**MAAR NET OMDAT EK DIT NIE KAN SIEN NIE, BETEKEN DIT NIE DAT DIT NIE DAAR IS NIE.**

Vir die van u wat van die ruimte hou – Daar is nog 'n tipe verduistering: MAANSVERDUISTERING!



Jy kan nie die maan wegneem nie, want dit wentel permanent om die aarde en net so kan jy nie twyfel wegneem nie – dit gaan altyd daar wees.

Maar net soos wat die maan al die pad om die aarde kan beweeg kan jy twyfel ook beweeg sodat jy God helder kan sien – en Lofprysing is wat jy gebruik om dit te doen.

**LOFPRYSING NEEM NIE TWYFEL WEG – MAAR DIT SKUIF TWYFEL, SODAT JY GOD HELDER KAN SIEN.**

**LOFPRYSING GOOI 'N SKADUWEE OP TWYFEL.**



Dawid se antwoord op twyfel was lofprysing. *Van julle mag sê: 'Maar ek sing nie eintlik so lekker nie!'* Dit gaan nie oor hoe jy sing nie – dit gaan oor die toestand van jou hart – 'n hart wat uitspreek wat jy weet waar is van God, ongeag hoe jy voel.

**As ons twyfel –** Vestig ons ons aandag op wat ons voel op grond van dit wat ons sien of dalk juis nie kan sien nie.

**MAAR AS ONS DIE HERE LOOF EN PRYS –** Fokus ons op wat ons weet waar is van God.

### **AFSLUITING:**

Ek hoop dat waarin jy ook al nou is – as jy dalk in die middel van 'n *'Hoe lank nog Here....'* Situasie is – dat God vir jou sal deurkom en presies sal antwoord soos jy wil hê Hy moet antwoord -

MAAR: Selfs al doen Hy dit nie – is dit moontlik dat jy daardie tipe persoon sal wees wat bly staan en selfs floreer in die middel van jou ‘*Hoe lank nog Here .....*’ – omstandighede.

En die manier om dit te doen is om ‘n persoon te raak wat sê:

“*Here, Ek sal jou prys – In die goed en in die sleg – maak nie saak wat nie!*” Net soos Dawid gedoen het – selfs wanneer jy nie so voel nie.

Kom ons raak soos Dawid toe hy gesê het:

***But I trust in your unfailing love;  
my heart rejoices in your salvation.  
I will sing the LORD's praise,  
for he has been good to me.***

**XxXxX**